

---

## **ADVIES VIR DIE PRODUKSIE VAN DIE AARTAPPEL KULTIVAR "FIANNA" ONDER BESPROEING IN SUB-TROPIESE GEBIEDE**

### **1. VOORBEREIDING VAN MOERE**

- 1.1. Moere benodig ongeveer 120 dae van loofdoed tot plantgereed.
- 1.2. Maak seker apikale dominansie is gebreek (verwyder apikale spruit).
- 1.3. Vermy direkte sonlig en temperature van > 30 °C waar moere gestoor word.
- 1.4. Fisiologies te ou moere sal swak produksie gee.
- 1.5. Behandeling met gibberiliensuur (Progibb of Berelex) kan lei tot misvorming van knolle.

### **2. BEMESTING**

- 2.1. Die aanbevole hoeveelhede is slegs 'n aanduiding en is vir 'n verwagte opbrengs van 50 ton per hektaar. (Voedingstof elemente in die grond moet in berekening gebring word. Swaarder gronde benodig minder voedingstowwe).
- 2.2. Stikstof
  - 2.2.1. 260 - 300 kg N per ha.
  - 2.2.2. Met plantings gedurende die warm maande en lang dae wanneer knolinisiasie vertraag word moet minder stikstof met plant toegedien word en die res na knol set (knolletjies groter as 10mm)
  - 2.2.3. Gee meer stikstof met plant en voor knolinisiasie in die koue maande om vegetatiewe groei te stimuleer.
- 2.3. Fosfaat
  - 2.3.1. 150 kg P per ha is nodig, toegedien voor plant en goed met die grond gemeng.
- 2.4. Kalium
  - 2.4.1. 350 - 450 kg K per ha.
  - 2.4.2. Voldoende kalium moet beskikbaar wees tot laatblom stadium waarna kalium opname geleidelik minder doeltreffend word as gevolg van wortel degenerasie.
- 2.5. Kalsium
  - 2.5.1. 'n Voor plant gips toediening word aanbeveel om voldoende kalsium te voorsien.
  - 2.5.2. Enkel Supers met plant en CaNO<sub>3</sub> toedienings gedurende die seisoen sal help om Ca tekorte uit te skakel.
  - 2.5.3. Maak seker Boor tekorte kom nie voor nie. Let op dat te veel Boor plante kan vergiftig.
- 2.6. Stremming op plante en onoordeelkundige bemesting en besproeiingspraktyke kan lei tot misvorming van knolle en interne gebreke soos holhart en interne bruinvlek veral as Kalsium en Boor voorsiening gebrekkig is.

### **ADVIES FIANNA**

### **3. PLANT**

- 3.1. Verseker dat daar ten minste 15-20 cm grond bo die moer is nadat die grond vasgesak het. Nie meer as 25 cm nie.
- 3.2. Bewerk die grond sodat daar na plant ten minste 20 -30 cm los grond onder die moer is.
- 3.3. Plant 40 000 - 65 000 plante per ha. Die verwagte aantal halms per moer behoort die plantdigtheid te bepaal.
- 3.4. Die plantdigtheid behoort 130 000 - 180 000 halms per ha te lewer.
- 3.5. 'n Gemiddelde enkelry spasiëring van 75-85 cm behoort die optimale benutting van die grond oppervlak te verseker.

#### 4. PLAAGBEHEER

- 4.1. Baie vatbaar vir vroeëroes (*Alternaria solani*).
- 4.2. Redelike goeie weerstand teen laatroes (*Phytophthora infestans*).
- 4.3. Redelike goeie weerstand teen bruinskurf (*Streptomyces scabies*).
- 4.4. Behandel moere en grond indien swartskurf (*Rhizoctonia*) 'n risiko inhou. Veral wanneer omstandighede stadige opkoms veroorsaak - lae grond temperature ens.
- 4.5. Goeie weerstand teen virus A en X.
- 4.6. Goeie weerstand teen virus Y(n).

#### 5. ONKRUID BEHEER

- 5.1. Metribuzin (Sencor) kan gebruik word teen 'n verminderde dosis. Wees versigtig op sanderige gronde en vermy Sencor wanneer bewolkte koue weer kan voorkom.
- 5.2. Bendioxide (Basagran) moet verkieslik nie gebruik word nie aangesien Fianna gevoelig is daarvoor.

#### 6. VERWERKING

- 6.1. Goeie weerstand teen kneusing.
- 6.2. Die risiko vir kneusing van knolle raak hoog indien knolle hoër as 30 cm val gedurende enige stadium van hantering.
- 6.3. Hoë droë materiaal inhoud (SG) en lae vlakke van reduserende suikers in knolle maak Fianna uiters geskik vir verwerking tot droë en nat skyfies.

#### 7. ALGEMEEN

- 7.1. Groeiperiode is 120 dae vanaf opkoms tot loof afsterwing.
- 7.2. Fianna is 'n sterk groeier maar opkoms kan onegalig wees indien dormansie nie deeglik gebreek is nie.
- 7.3. Opbrengste van 45 tot 65 ton per ha kan behaal word.
- 7.4. Knolle is ovaal tot lank met wit skil en vlees.
- 7.5. Knolle het vlak ogies met 'n gladde vel wat helder wit was en uitstekend "pre-pack"
- 7.6. Fianna het 'n lang raklewe en is dus geskik vir uitvoer.

**Let daarop dat die inligting in hierdie dokument in goeder trou gegee word as bestuurs hulpmiddel. Finale verantwoordelikheid rus egter by die produsent en daarom kan die FPD Groep geen aanspreeklikheid aanvaar vir verliese wat mag voorkom deur die gebruik van hierdie inligting nie.**